


Betaal jy dalk te veel vir elektrisiteit?

Deur Ruhan Theunissen (M.Ing meganies)

Die afgelope tyd het 'n vername selfoon netwerkverskaffer 'n veldtog geloods wat gebruikers uitdaag om uit te vind wat hulle regtig betaal vir hulle selfoonoproepe by hulle spesifieke netwerkverskaffers. Dieselfde vraag kan egter gevra word oor elektrisiteitskoste ook in die lig van die huidige herrie rondom stygende elektrisiteitstariewe.

Sedert 2008, toe Eskom besef het dat hy drasties sy kapitaal- en bedryfskoste moet verhoog om uitbreidings te befonds, het elektrisiteitstariewe met 'n massiewe 163% verhoog tot en met 2012. Daarenteen het die verbruikersprysindeks (VPI) slegs met 29% gestyg. Die uitwerking hiervan is dat elektrisiteitskoste vinniger vermeerder het as wat inkomste kon groei wat 'n geweldige impak het op die winsgewendheid van 'n besigheid. Sedertdien het NERSA nóg 'n 8% per jaar verhoging vir die volgende vyf jaar aan Eskom toegestaan. Hierdie verhoging beteken dat elektrisiteit teen 2017 byna 315% meer sal kos as in 2008. So, vra jouself of jou inkomste ook dienooreenkomstig gegroei het en nog kan groei om by te bly?




Elektrisiteitstariewe is net soos selfoonkontrakte. Daar is verskillende tariefstrukture om by sekere behoeftes te pas en om sekere verbruikspatrone ook aan te moedig. Met selfoonkoste is daar byvoorbeeld tariewe wat goedkoper is tydens naweke of ander wat weer 'n vaste koste hef ongeag van die tyd van die dag, ensovoorts. Die keuse van jou kontrak bepaal dus jou verbruikspatrone of andersom. Indien jy op 'n kontrak is wat jou toelaat om goedkoper te bel tydens naweke sal jy oproepe eerder tot hierdie tye beperk om hoë koste of boetes tydens ander tye te vermy.

Net soos selfoonkontrakte bied Eskom en munisipaliteite die eindverbruiker ook 'n keuse van tariewe om by sy behoeftes te pas en om bepaalde verbruikspatrone aan te moedig. Elektrisiteitstariewe kan in twee hoof kategorieë verdeel word naamlik konvensionele- en tyd-van-verbruik tariewe.

Konvensionele tariewe bevat 'n vaste koste per eenheid elektrisiteit verbruik (c/kWh) wat in sommige gevalle ook in winter en somer tariewe verdeel word. Tesame hiermee is daar addisionele koste ook soos pieklasfooie, netwerk aansluitingsfooie en administrasiekoste. Hierdie tariewe is algemeen en die voordeel van dit is dat elektrisiteit enige tyd van die dag dieselfde sal kos alhoewel dit elektrisiteitsbesparing deur middel van operasionele veranderings nie juis aanmoedig nie.

Die alternatief is tyd-van-verbruik of sogenaamde time-of-use (TOU) tariewe wat verskillende kostes bevat afhange van die tyd van die dag wat elektrisiteit verbruik word. Tydens piektye vroeg oggend tussen 07:00 en 10:00 en vroeg aand tussen 18:00 en 20:00 is elektrisiteit duurder wanneer die netwerk onder druk is terwyl ander tye weer goedkoper is.



Met vergunning uit Eskom tariefboek

As voorbeeld kos 'n eenheid elektrisiteit gedurende piektyd in die winter R 2.33/kWh en slegs R 0.38/kWh gedurende die buite-piek tye volgens Eskom se Miniflex tarief. Hierdie tariewe is in plek gestel om verbruikers af te raai om elektrisiteit gedurende piektye te gebruik en dit eerder na 'n ander tyd te skuif indien moontlik om las op die netwerk te verminder net soos vakansieoorde wat buite seisoen tariewe goedkoper maak om besoekers te lok.

'n Ontleding van 'n vervaardiger van plastiese elektriese ware wat op só tipe tarief is het getoon dat sy piektyd elektrisiteit verbruik slegs 16% van sy totale verbruik was maar dat die koste daarvan 34% van die totaal beloop het as gevolg van die hoër prys per eenheid.

Tyd-van-verbruik tariewe is as alternatief beskikbaar vir bykans alle kommersiële en industriële tariewe by Eskom of munisipaliteite en Eskom het reeds 'n groot aantal industrieë na tyd-van-verbruik tariewe begin oorgeskakel om sodoende die nasionale pieklas soggens en saans te help beheer. Ongelukkig is daar weinig munisipaliteite wat dit al vir residensiële tariewe beskikbaar het en die rede hiervoor is die gepaardgaande opgradering van meter infrastruktuur wat benodig word wat tydsaam en duur is.

Tariefontledings het al getoon dat daar nie juis veel van 'n besparing is nie indien daar van konvensionele na tyd-van-verbruik tariewe oorgeskakel word sonder om operasionele verandering ook aan te bring wat die tarief optimaal benut. Die sleutel tot sukses met tyd-van-verbruik tariewe is om operasionele veranderings te maak om die piektye te vermy en dit eerder op 'n ander tyd te gebruik. Voorbeelde hiervan is om onnodige toerusting soos waterverhitters af te skakel tydens piektye of om produksie na aande of naweke te skuif.

Elektrisiteit tariewe moet ook deeglik in ag geneem word wanneer energiebesparing onderneem word. Boere in die Oos-Vrystaat is tipies op Eskom se Landrate tariewe wat saamgestel word uit 'n vaste koste per eenheid verbruik asook netwerk aansluitingsheffings en administrasiefooi. 'n Ontleding van 'n boer se rekening het egter bevind dat bykans die helfte van die rekening uit netwerk- en administrasiekoste bestaan. Hieraan kan ongelukkig niks gedoen word nie en 'n energiedoeltreffende waterverhitter of ligte sal dus net die helfte van die rekening beïnvloed. 'n Gemiddelde huishouding se elektriese warmwater geysers gebruik ongeveer 39% van die totale elektrisiteit en 'n sonwaterverwarmer of hittepomp behoort ongeveer 70% hiervan te bespaar wat 'n totale besparing van 27% op die totale rekening tot gevolg het. In die geval van 'n plaas waar die helfte van die rekening uit netwerkheffings en administrasiekoste bestaan sal die uiteindelige besparing slegs 15% wees. Die aannames wat energiebesparende toestelle maak moet dus met 'n tariefontleding gepaard gaan om die werklike besparing te bepaal.

Elektrisiteit is 'n onlosmaaklike noodsaaklikheid van ons hedendaagse lewenstyl en die koste van hierdie kommoditeit sal aanhou toeneem. Die kern boodskap is dus om hierdie hulpbron meer intensief te bestuur net soos wat bestuur rondom selfoontariewe toegepas word. Met die regte tariefstruktuur en genoegsame beplanning rondom dit kan onnodige elektrisiteitskoste noemenswaardig verminder word.

Bethlehem

Junie 2013